# KINDERKERK LES: Hersien die kwartaal

**Doel van les:**

- Hierdie les maak van lekkers gebruik met verskillende gekleurde papier om die evangelie voor te stel. Dis dien as hersienning van wat ons als die kwartaal geleer het.

**Aktiwiteit**:

- **Voorbereiding:** Maak groepe en gee vir elke groep een kleur. (Geel, swart, rooi, wit en groen) Aan die een kant van die vertrek sal daar lekkers lê op 'n lang stuk papier. Die spanne moet aan die ander kant van die vertrek staan.
- **Wat om te doen:** Een op 'n slag moet die spanlede hardloop na die papier met die lekkers op, afbuk en met hulle tande die kleure wat aan hul span gegee is, optel. (As dit moeilik gaan met kleintjies, kan hulle handjies gebruik) Dan moet hulle terughardloop na hul span, dit wys vir die ander spanlede en daarna mag die volgende spanlid hardloop. Die groep wat eerste al hulle kleure verwyder het van die papier af, wen.

**Inleiding:**

In hierdie ysbreker het ons verskillende kleure gebruik en dis nie verniet nie. Hierdie kleure gaan ons help onthou wat ons die kwartaal als geleer het.

**Vra:** As julle na die geel lekkertjie kyk, waaraan laat dit julle dink?

- **Geel lekker** – Dit laat ons aan die hemel dink. Die hemel is God se huis. Daar is geen nag daar nie. Die Bybel praat van hoe God lig is en dat daar geen duisternis in Hom is nie. Die Bybel vertel ons dat in die hemel die strate gemaak is van suiwer, goudagtige glas. God vertel ons baie ander dinge van Sy huis. Niemand is siek daar nie, niemand is blind of krepel nie. Niemand sterf ooit daar nie. Elke persoon in die hemel sal altyd perfek gelukkig wees daar. Die beste van als is dat God die Vader, Jesus en die Heilige Gees daar is. God het die hemel gemaak en vir jou ook. Hy is baie lief vir jou. Daarom wil Hy graag hê dat jy saam met Hom daar moet bly.

**Vra:** As julle na die swart lekkertjie kyk, waaraan laat dit julle dink?

- **Swart lekker** – Daar is een ding wat nooit in die hemel kan wees nie. Dit is sonde. Ons mense hou daarvan om ons eie ding te doen eerder as wat God wil hê. Watter sondes kan julle opnoem? Om slegte dinge te doen of slegte dinge te sê, is sonde. Sonde maak God ongelukkig. Dit het al baie hartseer en ongelukkigheid in die wêreld veroorsaak. Die Bybel vertel ons dat almal sondig. Nie een mens is sonder sonde nie. Die swart lekker

laat ons dink daaraan dat ons almal sonde doen. God is sonder sonde en kan nie sonde hanteer voor Sy oë nie. God kan nie sonde toelaat daar waar Hy is nie. God sê dat sonde gestraf moet word. Die straf vir sonde is die dood en om vir altyd weg van God te wees. God het geweet dat daar niks is wat ons kon doen oor ons sonde nie en omdat Hy vir ons lief is, het Hy 'n plan gemaak.

**Vra:** As julle na die rooi lekkertjie kyk, waaraan laat dit julle dink?

- **Rooi lekker** – Die rooi lekker wys die manier wat God seker gemaak het dat ons sondes weggevat word. God is lief vir ons. Hy het Sy Seun gestuur, Jesus, van die hemel om die straf te dra vir ons sondes. Hy het aan die kruis gehang en God het al ons sondes op Jesus gesit. Al ons gejok, slegte woorde, baklei het Jesus gedra. Elke laaste druppel bloed het uit Sy liggaam gevloei vir ons. Net Jesus se bloed kan ons sondes afwas. Hy het op die derde dag opgestaan uit die dood. God het Sy liefde aan ons bewys deur Sy Seun vir ons te stuur en daar is geen ander manier om hemel toe te gaan, behalwe deur Jesus nie.

**Vra:** As julle na die wit lekkertjie kyk, waaraan laat dit julle dink?

- **Wit lekker** – Water kan nie sonde weg was nie. Om goeie dinge te doen, kan sonde nie weg was nie. Net die bloed van Jesus. Die wit lekker wys dat Jesus se bloed ons sondes wegwas. Het Jesus vir almal gesterf? – Ja. Gaan almal hemel toe? Nee. Die rede is omdat almal nie in Jesus glo nie of hul hartjies vir Hom wil gee nie.

**Vra:** As julle na die groen lekkertjie kyk, waaraan laat dit julle dink?

- **Groen lekker** – Die groen lekker laat ons dink aan nuwe lewe. Die kleur groen laat jou dink aan dinge wat buite groei, bv blare, gras, blomme en bome. Wanneer jy vir Jesus jou hartjie gee, is jy soos 'n babatjie in God se familie. So moet ons dan grootword en groei in Jesus. Hoe doen ons dit? (Bybel lees, gebed, kerk toe gaan, te luister na God se wil en op Hom te wag, die Heilige Gees wat ons help.)

Voordat julle aangaan na die aktiwiteit gaan weer deur al die kleure en vra wie kan onthou wat die kleure beteken.

**Aktiwiteit**: Sokkerbal

Sluit af in groepe met gebed.